# Inligtingsblad vir Kinderbediening...

## *WELKOM BY SONSTRAAL GEMEENTE!*

Ons hoop julle het 'n geseënde vakansie gehad. Mag 2025 'n wonderlike en vreugdevolle jaar vir u en u gesin wees.

Die volgende vrae sal hier in die boekie bespreek word:

- **Hoe werk Junior Kategese?**
- **Waar is my kind(ers) se kategese lokale?**
- **Is daar "events" waarvan ek bewus moet wees?**
- **Hoe kan ek my kind vir kategese registreer?**




SONSTRAAL
GEMEENTE
leef om te dien

# Hoe werk JUNIOR KATEGESE??

Junior Kategese by Sonstraal Gemeente vind tydens die erediens plaas. Die idee is dat alle 3 jariges tot Gr 6'e saam met Mamma en Pappa of hul voogde die erediens wat om 09h00 begin, bywoon. Gedurende die erediens sal kinders na die kindermoment die erediens verlaat om na hul lokale te beweeg waar hulle kategese sal ontvang.

In terme van die Groei Gogga's is mamma en pappa meer as welkom om die eerste paar kere by boeta of sussa wil sit net totdat hulle gemaklik is om op hul eie die kategese by te woon.

**WAAR IS MY KIND SE KATEGESEKLAS:**

- **3- tot 5-jariges - Kleinkerkie**
- **Gr R'e - Blouklas**
- **Gr 1's - Oranjeklas**
- **Gr 2's - Persklas**
- **Gr 3 - Geelklas**
- **Gr 4 - Rooiklas**
- **Gr 5 - Groenklas**
- **Gr 6 - Saal**

So die idee is dat u kind ook 'n les ontvang en van die Here leer by hul kategese klasse terwyl julle na die preek luister. Die jaar gaan die gemeente gebruik maak van Jeugfokus se materiaal vir die Gr R'e tot Graad 6. Die 3-tot 5-jariges maak gebruik van die boek: Groei Goggas.



# BELANGRIKE EVENTS





| | |
|---|---|
| 19 Jan | Kategese begin vir die eerste kwartaal |
| 13 Apr | Kategese begin vir die tweede kwartaal |
| 23- 24 Mei | Basaar |
| 1 -4 Jun | Kinderpinkster |
| 27Jul | Kategese begin vir die derde kwartaal |
| 8-10 Okt | Avontuurweek |
| 19 Okt | Kategese vir die vierde kwartaal begin |
| 24 -25 Okt | Familiekamp |



# HOE OM MY KIND TE REGISTREER VIR KATEGESE?

Liewe Ouer(s)/Voog(de) julle kan jul kind(ers) registreer deur die QR-Kode te skandeer en dan die vorm op “Google forms” in te vul. Indien u eerder die vorm in persoon wil invul kan u gerus die vorm by die kerkkantoor of by u kind se kategeet kry en inhandig.



**Indien julle enige navrae het oor die Kinderbediening, kontak my gerus Ds. Mia Oliver by: mia@sonstraal.org.za**

